Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

5 September 2025 Uitgawe: 7/3/2025

## UIT DIE KANTOOR

So het ons aan die einde gekom van Augustus, vrouemaand. Ek wil graag erkenning gee aan ons moeders, sekretaresses, verpleegsters en onderwyseresse vir die goeie werk wat hulle doen op hul verskillende terreine. Ek haal spesifiek my hoed af vir enkelma's wat moet skarrel om al die balle in die lug te hou. Ek salueer julle. Die dames-geslag het maar net 'n moederlike instink waarby ons manne nie kan uitkom nie.

**Kultuur:**

Hoe lekker was dit nie om gisteraand Tjokkies se jaarlikse musiekaand by te woon nie. Baie dankie aan al die mammas wat gehelp het asook baie geluk aan die Musiekdepartement (meestal dames) met jul goed afgeronde leerders wat glans aan die aand verleen het. Ouers wat dit bygewoon het, sal met my saamstem dat dit puik was. Ek moet darem ook net melding maak dat die enigste doring tussen die rose, mnr. Nicol Klopper, en sy span kitaarleerlinge die gehoor heerlik vermaak het met hul pragtige kitaarklanke. Welgedaan!

**Hokkie:**

Die hokkieliga is byna afgehandel met slegs die seuns wat die komende week hul laaste ligawedstryde speel. Dit was 'n lang en bedrywige hokkieseisoen. Baie dankie vir al die ouers se ondersteuning.

**Akademie:**

Ek wys die ouers net weer daarop dat daar hierdie kwartaal nie 'n formele toetsweek gaan wees soos wat dit op die kalender verskyn nie. Dit is vervang met take en opdragte soos dit in die sillabus voorgeskryf word.

**Veiligheid:**

As deel van die veiligheidsprosedures by die skool, moet ons ten minste 1 keer per kwartaal 'n noodontruimingsoefening met die leerders doen. Hierdie kwartaal het dit op Woensdag, 3 September plaasgevind net voor die skool verdaag het. Heelwat ouers was toe reeds op die terrein. 'n Versoek van die veiligheidskonsultant is dat indien dit in die toekoms weer ge-oefen word in dieselfde tydsgleuf, ouers sal deel vorm van die oefening en saam na die vergaderpunte beweeg en nie by die klasse sal bly wag nie. Vind dus by u kind uit waar hul klasgroep moet vergader en beweeg dan saam met die leerders na daardie area. Baie dankie vir u samewerking.

**Verlore items:**

Die kratte met verlore items voor die personeelkamer loop weer oor – kom loer asb. as die kinders iets verloor het.

# BELANGRIKE DATUMS

5 Sept.: Kleuterskool verwelkom nuwe kleuters van 2026

Pom-pom en Ritmegroep optredes – NG Kerk Fichardtkruin

6 Sept.: Pom-pom optrede – NG Kerk Ooshoek


8 Sept.: Fotodag (Sport-/Kultuurfoto's)

10 Sept.: Dept. Gesondheid besoek Gr. 5-leerders vir immunisasies

12 Sept.: Hokkieliga vs Grey

Unisa Musiekeksamen

# VERJAARSDAE



9 Sept.: Juf. Himke Steenkamp (Kleuterskool assistent)

10 Sept.: Juf. Leonie Corbett (Gr. 6)

# ANDER

*Beplanning vir 2026*

*As deel van ons beplanning vir 2026 het ons die insette van u as ouers nodig. Daar is reeds 'n paar jaar gelede weggedoen met huiswerkboekies wat deur die skool voorsien is. Leerders is nou verantwoordelik om hul eie huiswerkboekies aan te koop. Die skool voorsien wel aan elke gesin 'n tafelkalender waarop die skool se jaarbeplanning verskyn.*

*Ons het navrae ontvang van ouers wat weer wil terugbeweeg na 'n kalender wat op 'n yskas vasgesit kan word met afskeerbare maande.*

*Ons wil graag 'n opname maak van wat die belangstelling is.*

*Maandag, 8 September, sal daar via u kind se klasgroep 'n geleentheid gegee word waar u kan stem tussen:*

- *A3 Tafelkalender (soos huidig), of*
- *A3 Kalender wat teen die yskas kan kom met afskeurbare maande*

*Ons sal dit waardeer indien u kan stem voor Vrydag, 12 September.*

## MELODRAMA




Die personeel is hard aan die oefen om jul as ouers en kinders te vermaak. Ons gaan ‘n produksie van Nostalgie op die planke bring.

Maak seker jou kaartjies is gekoop. Dinsdag en Woensdag se kaartjies koop u aanlyn.

Vir Donderdagaand is daar tafels beskikbaar @ R2000.00 per tafel. Tien persone aan ‘n tafel. ‘n Ligte aandete word aan elke persoon verskaf. U bring u eie drinkgoed en versnaperinge.

Skakel die kantoor vir meer inligting.

**Baie dankie dat u saam met ons herinneringe gaan maak! Ons wil u graag daar sien!**

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

“God, die Vader van Jesus Christus, is darem groot en wonderlik. Hy self het ons sy kinders gemaak. ‘n Mens staan verstom voor sy geweldige goedheid. God het ons beloof dat wat Syne is, ook ons s’n is.” 1 Petrus 1:3

‘n Nuwe seisoen – lente – het aangebreek! Dit kom op presies die regte tyd. Dit is wanneer jy voor God se grootheid en goedheid te staan kom, dat jy besef dat God alles in sy hande hou. Kom ons staan net soos Petrus verstom oor die Here se geweldige goedheid.



Almagtige Vader, dankie dat U alles in U hande hou. Op die regte tyd laat U nuwe seisoene aanbreek! Ons loof en prys U Heilige Naam. Amen




Universitas, Vader Visser, MT Steyn en Staatspresident Swart kommando's nooi jou uit om Dinsdag, 23 September 2025 saam met ons te kom fietstrap en braai!
Laat weet asb. op die skakel of jy gaan kom.

https://forms.gle/wPCTgnoWYWi5GFWn8 (Hierby aangeheg as 'n skakel waarop u kan ingaan)

# SNUFFELS


Ons Ankerborge
MAGALIES
Magalies
BLOEMFONTEIN
Bloemfontein Motors
i'm lovin' it
Mc Donalds
DANKIE




## Ace Your Game, One Swing at a Time!

- Beginners, Intermediate & Advanced
- Tournament & Match Prep
- Tailored Individual Lessons

### Specialized Areas:

- Master techniques
- Analyze & improve gameplay
- Build tennis IQ & tactics
- Match simulations
- Tennis conditioning

**25 years experience**


**Muddplein Tennis Club Universitas**

### Contact Details

Celesti Jansen van Rensburg
084 840 1060



DIADEM™







ATON
WEALTH NAVIGATION
*Authorised Financial Services Provider. FSP # 48449*

HORACE TERRY CFP®
T +27 51 430 0302 | horace@atonwealth.com
www.atonwealth.com